

# **Bybelgenootskap van Suid-Afrika**

## **Kopieregbeleid 2022**

---

**Beleid vir die gebruik van tekste uit Bybels in die inheemse tale van  
Suid-Afrika**  
*Druk • Oudio • Digitaal*

### **1. INLEIDING**

Sedert sy ontstaan in 1820 is dit die missie van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA) om die Bybel aan elke persoon beskikbaar te stel in 'n taal en formaat wat elkeen maklik kan verstaan, en teen 'n bekostigbare prys. Om dié doel te bereik, word die werk van die Bybelgenootskap verdeel in Bybelvertaling, Bybelproduksie en Bybelverspreiding. Hierdie doel word sonder 'n winsoogmerk nagestreef. 'n Beroep word op alle Christene en alle kerke gedoen om hierdie saak te ondersteun. Besoek gerus ons webwerf by [www.bybelgenootskap.co.za](http://www.bybelgenootskap.co.za).

Die BSA is die eksklusiewe houer en wêreldwye eienaar van alle outeursregte in 'n reeks Bybeltekste in Engels, Afrikaans, Sepedi (Noord-Sotho), Sesotho (Suid-Sotho), Setswana (Tswana), isiNdebele (Suid-Ndebele), Siswati (Swati), Xitsonga (Tsonga), Tshivenda (Venda), isiXhosa (Xhosa) en isiZulu (Zulu). Enige gebruik van 'n Bybelteks op enige wyse of in enige vorm vereis die toestemming van die BSA voordat dit gepubliseer word.

### **2. WAAROM IS DAAR KOPIEREG OP DIE BYBEL?**

Kopiereg ten opsigte van Bybeltekste is hoofsaaklik 'n kwessie van Bybelse rentmeesterskap. Die tekste moet op so 'n manier bestuur word dat hulle nie direk of indirek gekompromitteer kan word nie en dat die voortgaande volhoubaarheid van die Bybelmissie verseker word. Die vernaamste redes vir kopiereg op enige gepubliseerde werk is eerstens om die integriteit van die teks te beskerm, en tweedens om die regte van die kopiereghouer, wat in die vertaling, instandhouding en hersiening van die tekste belê, te beskerm. Geen persoon of uitgewer word toegelaat om die teks van die Bybel, wat met groot koste deur die Bybelgenootskap uit die oorspronklike tale vertaal is, sonder toestemming en met die doel om 'n wins te maak, te publiseer nie.

Dit moet in gedagte gehou word dat die BSA ook verskeie kontrakte gesluit het met die kopiereghouers van Bybels in Engels en ander vreemde tale, en dus kopiereg betaal op elke eksemplaar van so 'n Bybel wat gepubliseer word.

### **3. WANNEER MOET EK DIE BSA OM TOESTEMMING NADER?**

Die BSA verleen tans slegs toestemming om uit die volgende Bybeltekste aan te haal:

- a. Bybel in Afrikaans 1933/1953-vertaling © Bybelgenootskap van Suid-Afrika 1933, 1953. Digitale uitgawe © Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2012.
- b. Bybel in Afrikaans 1933/1953-vertaling met Deuterokanoniese boeke © Bybelgenootskap van Suid-Afrika 1933, 1953, 1965. Digitale uitgawe ©



- c. Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2015.
- c. Bybel in Afrikaans 1983-vertaling met herformulerings tot en met 1992 © Bybelgenootskap van Suid-Afrika 1983, 1992.
- d. Bybel in Afrikaans 2020-vertaling © Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2020.
- e. Bybel in Afrikaans 2020-vertaling met hoofletters © Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2020.
- f. Bybel in Afrikaans 2020-vertaling met Deuterokanonieke boeke © Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2020.
- g. Bybel vir Dowes/almal © Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2007, 2008.
- h. NT en Psalms: 'n Direkte Vertaling © Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014.
- i. Bible in Sepedi 2000 translation © Bible Society of South Africa 2000.
- j. Bible in isiNdebele 2012 translation © Bible Society of South Africa 2012.
- k. Bible in Sesotho 1989 translation (Standard Orthography) © Bible Society of South Africa 1989.
- l. Bible in Sesotho 1989 translation (Lesotho Orthography) © Bible Society of South Africa 1989.
- m. Bible in Sesotho 1989 translation with Deuterocanonical Books (Lesotho Orthography) © Bible Society of South Africa 1989, 1992.
- n. Bible in Siswati 1996 translation © Bible Society of South Africa 1996.
- o. Bible in Xitsonga 1929/2012 © Bible Society of South Africa 2012.
- p. Bible in Xitsonga 1989 translation © Bible Society of South Africa 1989.
- q. Bible in Xitsonga 1989 translation with Deuterocanonical Books © Bible Society of South Africa 1989, 1996.
- r. Bible in Setswana 1970/1987 © Bible Society of South Africa 1970, 1987.
- s. Bible in Setswana 1970/1987 with Deuterocanonical Books © Bible Society of South Africa 1970, 1987, 1992.
- t. Bible in Tshivenda 1998 translation © Bible Society of South Africa 1998.
- u. Bible in Tshivenda 1998 with Deuterocanonical Books © Bible Society of South Africa 1998, 2006.
- v. Bible in isiXhosa 1859/1975 © Bible Society of South Africa 1975.
- w. Bible in isiXhosa 1996 translation © Bible Society of South Africa 1996.
- x. Bible in isiZulu 1959/1997 © Bible Society of South Africa 1959, 1997.
- y. Bible in isiZulu 2020 © Bible Society of South Africa 2020.
- z. English Bible for the Deaf 2019 © Bible Society of South Africa 2019.
- aa. English Bible for the Deaf 2019 with Deuterocanonical Books © Bible Society of South Africa 2019.

Alle ander vertalings en uitgawes waarvan die BSA die kopiereg hou, is uitgesluit van sodanige toestemming. Let wel: Skriftelike toestemming word van die BSA benodig om klankopnames van enige Bybelteksvertalings waarvan die BSA die kopiereg hou, of 'n volledige Bybelteks in 'n digitale publikasie, soos e-boeke en mobiele toepassingsagteware, te skep.

Hieronder word 'n uiteensetting gegee van die scenario's waar sodanige gebruik outomatis toegelaat word, asook die gevalle waar 'n formele aansoek eers by die BSA ingedien moet word.

#### **4. SCENARIO 1: Die gebruik van Bybelteks sonder dat formele toestemming vereis word**

Indien daar aan die volgende voorwaardes voldoen word, word toestemming outomatis verleen om tot en met vyf honderd (500) verse van enige van die bogenoemde publikasies

van die BSA aan te haal:

- 4.1. Die aangehaalde verse mag nie meer as vyftig persent (50%) van 'n volledige boek van die Bybel uitmaak nie; en
- 4.2. Die aangehaalde verse mag nie meer as vyf en twintig persent (25%) van die totale teks van die werk uitmaak nie; en
- 4.3. 'n Gepaste erkenning van kopiereg moet op die werk verskyn (sien bladsy 3 vir voorbeeld hiervan);

En

- 4.4. Een (1) eksemplaar van die werk moet gratis per koerier aan die BSA gestuur word as 'n kopiereg-eksemplaar, en moet gerig word aan:

Regspraktisyen en Kopieregbeampte  
Bybelgenootskap van Suid-Afrika  
Edwardstraat 134  
Bellville  
7530

Wanneer die kopiereg-eksemplaar per koerier aan ons gestuur is, stuur asseblief vir administratiewe doeleindes 'n e-pos ter bevestiging aan [copyright@biblesociety.co.za](mailto:copyright@biblesociety.co.za).

## **5. SCENARIO 2: Die gebruik van Bybeltekste waar formele toestemming vereis word**

Formele, skriftelike toestemming word vereis wanneer meer as vyf honderd (500) verse van enige van die bogenoemde Bybeltekste gebruik word, of waar die gebruik van sodanige Bybelteks die beperkings in 4.1. of 4.2. hierbo oorskry.

'n Formele aansoekvorm moet by die Regspraktisyen en Kopieregbeampte ingedien word ([copyright@biblesociety.co.za](mailto:copyright@biblesociety.co.za)).

Kopieregtoestemming moet altyd gedurende die beplanningsfase van die werk verkry word, voordat dit geproduseer word. Aansoek word op individuele meriete beoordeel en die BSA kan volgens eie diskresie handel om enige aansoek goed te keur of te weier asook om die voorwaardes van enige toestemming te bepaal.

U aansoek moet duidelik verklaar of die produk vir kommersiële of niekommersiële gebruik, of beide, bedoel is:

### **5.1. Kommersiële gebruik**

'n Produk, ongeag die formaat, word in die handel verkoop of verhuur, of is aan 'n handelsooreenkoms onderhewig. 'n Formele aansoekvorm moet by die BSA ingedien word vir enige gebruik van ons Bybeltekste in media wat 'n kommersiële gebruik het, en waar sodanige gebruik enige van die beperkings onder opskrif 1 oorskry.

Indien 'n produk 'n kommersiële gebruik het, moet twee (2) kopiereg-eksemplare van elke publikasie in elke formaat so gou moontlik ná publikasie gratis per koerier

aan die BSA gestuur word.

## 5.2. Niekommersiële gebruik

Niekommersiële gebruik van 'n produk is enige gebruik buiten kommersiële gebruik soos dit hierbo gedefinieer word, en beteken gewoonlik die gratis verspreiding van werke wat Bybeltekste bevat. Bybeltekste wat deur plaaslike kerke gebruik word vir bulletins, kerkdiensprogramme, kennisgewingborde, plakkate en oorhoofse transpirante, opnames van eredienste of vir soortgelyke materiale wat tydens godsdienstige onderrig of dienste by 'n plek van aanbidding of enige ander godsdienstige byeenkoms gebruik word, sou in hierdie kategorie val. Let wel: 'n Formele kopieregaansoek moet asseblief steeds aan die BSA gerig word indien enige van die beperkings onder opskrif 1 oorskry word. Indien die Bybelteks as lirieke in 'n lied gebruik word, moet toestemming vir die produksie van die lied van die BSA verkry word.

Indien 'n produk 'n niekommersiële gebruik het, moet een (1) kopiereg-eksemplaar van elke publikasie in elke formaat so gou moontlik ná publikasie gratis per koerier aan die BSA gestuur word.

## 5.3. Gebruik in die media

Aansoeke om gebruik te maak van aanhalings uit Bybeltekste of audio-opnames van die BSA op mediakanale soos via televisie- en/of radio-uitsendings, digitale stromingsdienste, sosialemediaveldtogte, regstreekse optredes en ander soortgelyke gebruik, moet gerig word aan die Hoof: Kommunikasie en Bemarking van die BSA ([biblia@biblesociety.co.za](mailto:biblia@biblesociety.co.za)).

# 6. HOE MOET KOPIEREG ERKEN WORD?

Enige aanhaling van die bogenoemde Bybeltekste moet vergesel word van 'n gesikte erkenning van kopiereg. Die bewoording van die erkenning sal bepaal word deur die formaat van die werk waarin die aanhaling gebruik word.

Let wel: "Afrikaans Ou Vertaling" en "Afrikaans Nuwe Vertaling" is nie die BSA se amptelike benamings vir die Bybel in Afrikaans 1933/1953 en die Bybel in Afrikaans 1983/1992 nie, en mag daarom nie gebruik word om na hierdie Bybeltekste te verwys nie.

## 6.1 Geskreve/gedrukte formaat

Die volgende kopieregkennisgewing moet op die versobladsy van die werk verskyn:

**Skrifaanhaling geneem uit die [voeg die relevante erkenning van kopiereg (i) tot (aa) op bladsy 1 in]. Gebruik met toestemming. Alle regte voorbehou. [www.bybelgenootskap.co.za](http://www.bybelgenootskap.co.za) / [www.biblesa.co.za](http://www.biblesa.co.za).**

**Kontak:**

**[copyright@biblesociety.co.za](mailto:copyright@biblesociety.co.za)**

OF



**Scriptures taken from the [insert relevant copyright acknowledgment (i) to (aa) on page 1]. Used with permission. All rights reserved.  
[www.biblesociety.co.za](http://www.biblesociety.co.za) / [www.biblesa.co.za](http://www.biblesa.co.za).**

**Contact:  
[copyright@biblesociety.co.za](mailto:copyright@biblesociety.co.za)**

Kontak gerus die Regspraktisyen en Kopieregbeampte van die BSA by [copyright@biblesociety.co.za](mailto:copyright@biblesociety.co.za) indien u enige hulp benodig.

## **6.2. Digitale gebruik**

Digitale gebruik duis die gebruik aan van 'n interaktiewe rekenaar, selfone, tablette, e-lesers en soortelyke tegnologieë, ongeag of hierdie tegnologieë bekend is of nog in die toekoms ontwikkel gaan word. Voorbeeld sluit in rekenaarsagteware en selfoontoepassings.

Aanhavings uit Bybelteks in visuele en elektroniese media moet 'n geskikte kopieregkennisgewing insluit a) op die produk (die medium self, bv. CD-ROM), b) op die verpakking en omhulsel van die produk, c) in enige gedeelte wat erkenning aandui en d) op elke bladsy waar die werk wat deur kopiereg beskerm word voorkom (insluitende, maar nie beperk tot, hoofstukke uit die Bybel, beelde, ens. nie), waarvan toepassing. In die geval van a), b) en d) mag 'n verkorte kopieregkennisgewing geplaas word:

**[voeg die relevante erkenning van kopiereg (a) tot (h) op bladsy 1 in].  
Alle regte voorbehou. [www.bybelgenootskap.co.za](http://www.bybelgenootskap.co.za) / [www.biblesa.co.za](http://www.biblesa.co.za).**

'n Volledige erkenning van kopiereg, soos in 6.1. uiteengesit, word in die geval van c) vereis.

Indien Bybelteks op sosiale media gepubliseer word, bv. Facebook, word dit beperk tot een vers op 'n keer. In hierdie omstandighede is 'n verkorte kopieregkennisgewing aanvaarbaar, byvoorbeeld:

**Johannes 3:16 – “God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê.”**

**Bybel in Afrikaans 1983/1992 © BSA 1983, 1992.  
[www.bybelgenootskap.co.za](http://www.bybelgenootskap.co.za) / [www.biblesa.co.za](http://www.biblesa.co.za).**

OF

**Uyohane 3:16 – “Kaloku uThixo ihlabathi ulithande kangangokuba ude wancama uNyana okuphela kwakhe, ukuze wonke umntu ozinikele kuye ngokupheleleyo angatshabalali, koko abe nobona bomi bungenasiphelo.”**

**Bible in isiXhosa 1996 © BSSA 1996. [www.biblesociety.co.za](http://www.biblesociety.co.za) / [www.biblesa.co.za](http://www.biblesa.co.za)**

## **6.3. Audio- & Visuele gebruik**

Oudiogebruik sluit in CD-ROM's, mp3's en ander audioformate wat op musiekspelers, eksterne skywe, selfone, iPads, e-lesers en soortgelyke tegnologieë gebruik word, ongeag of hierdie tegnologieë bekend is of nog in die toekoms ontwikkel gaan word. "Visuele" gebruik sluit in video's, films, skyfies en oorhoofse transpirante. Aanhalings uit Bybeltekste in audio- of visuele formaat moet 'n gesikte kopieregkennisgewing insluit a) in die opname, b) op die werklike produk (bv. CD-ROM/DVD), c) op die verpakking en omhulsel van die produk en d) op die metadata. In die geval van b) en c) mag 'n verkorte kopieregkennisgewing geplaas word, byvoorbeeld:

**Bybel in Afrikaans 1983/1992 © BSA 1983, 1992. Alle regte voorbehou.** [www.bybelgenootskap.co.za](http://www.bybelgenootskap.co.za) / [www.biblesa.co.za](http://www.biblesa.co.za).  
Kontak: [copyright@biblesociety.co.za](mailto:copyright@biblesociety.co.za)

OF

**Bible in isiXhosa 1996 © BSSA 1996. All rights reserved.**  
[www.biblesociety.co.za](http://www.biblesociety.co.za) / [www.biblesa.co.za](http://www.biblesa.co.za).  
Kontak: [copyright@biblesociety.co.za](mailto:copyright@biblesociety.co.za)

#### 6.4. Vrywaring

Die volgende relevante vrywaring moet die bogenoemde kopieregkennisgewings vergesel indien 'n party gebruik wil maak van die BSA se Bybelteks saam met bykomende inhoud waarvoor die BSA nie skriftelike toestemming gegee het nie:

The Bible Society of South Africa hereby declares that the opinions, views and theological positions in the additional material in this publication do not necessarily reflect those of the Bible Society of South Africa. The Bible Society of South Africa does not endorse the use of Bible text in any manner or on any platform that may potentially be deemed anti-Christian in nature, or that promotes illegal/unlawful activity.

OF

Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika verklaar hiermee dat die menings, sienings en teologiese standpunte in die bykomende materiaal in hierdie publikasie nie noodwendig dié van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika weerspieël nie. Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika onderskryf nie die gebruik van Bybelteks op enige manier of op enige platform wat moontlik as anti-Christelik beskou kan word of wat onwettige aktiwiteite bevorder nie.

### 7. BYKOMENDE INLIGTING OOR BYBELTEKSREGTE EN TOESTEMMING

#### 7.1. Verskillende uitgawes

Toestemming vir die gebruik van materiaal wat deur kopiereg beskerm word, is net van toepassing op 'n bepaalde uitgawe. 'n Nuwe aansoekvorm moet ingedien word vir enige herdruk of herpublikasie wat oorweeg word.

#### 7.2. Kopieregfooie



'n Kopieregfooi kan gehef word soos vasgestel deur die BSA volgens eie diskresie. Die berekening kan gebaseer word op die hoeveelheid en persentasie van die Bybelteks wat in die publikasie gebruik word, die omvang en produksiekoste van die oplaag en die inkomste wat uit die kommersiële gebruik daarvan ontvang word.

### 7.3. Licensie-ooreenkomste

Die BSA kan volgens eie diskresie besluit om 'n formele kopiereglisensie-ooreenkoms te sluit met enige uitgewer wat graag van 'n Bybelteks in sy publikasie gebruik wil maak. Indien 'n groot aantal Bybelverse in die publikasie gebruik word, kan die BSA vereis dat 'n teksvrystelling uitgereik word, om te verseker dat die Uitgewer die nuutste Bybelteks gebruik. 'n Teksvrystellingsfooi kan gehef word, afhangende van die aantal verse wat gebruik word.

Indien die BSA 'n teksvrystelling uitreik, stem die Uitgewer in dat:

- 7.3.1. die elektroniese lêers slegs gebruik sal word vir die doel wat in die ooreenkoms uiteengesit word;
- 7.3.2. die elektroniese lêers onder geen omstandighede geleen, verkoop of op 'n ander wyse aan enige derde party oorgedra sal word sonder die voorafgaande skriftelike verlof van die BSA nie;
- 7.3.3. die elektroniese lêers wat voorsien word die uitsluitlike eiendom van die BSA bly; en
- 7.3.4. die Uitgewer volle verantwoordelikheid aanvaar om die akkuraatheid van die Bybelteks wat in die elektroniese lêers en die publikasie ingesluit is, te handhaaf.

### 7.4. Bykomende regte

For any rights or permissions not expressly provided for in this document, or for additional information, please send an email to [copyright@biblesociety.co.za](mailto:copyright@biblesociety.co.za), or write to us at:

Vir regte en toestemming wat nie uitdruklik in hierdie dokument verleen of genoem word nie, of vir 'n verduideliking van enige bepalings in hierdie dokument, stuur gerus 'n e-pos na [copyright@biblesociety.co.za](mailto:copyright@biblesociety.co.za), of skryf aan:

Regspraktisyen en Kopieregbeampte  
Bybelgenootskap van Suid-Afrika  
Posbus 5500  
Tyger Valley  
7536

### Vrywaring

Die Engelse weergawe van hierdie beleid is die wettig bindende BSA kopieregbeleid 2022.